*Donderdag* **8 Mei**

**Skrifgedeelte: Psalm 18 (enige vertaling)**
**Fokusgedeelte: Psalm 18:31**

**Wie die Here baie liefhet en by Hom skuil, vind dat Hy getrou is om sy kinders te beskerm**

Psalm 18 is Dawid se groot oorwinningslied. Kyk 2 Samuel 22. Opvallend is dat die dank vir oorwinning gegrond is in absolute toewyding aan sy Here.

Hy beskryf die dieptes en doodsangs waarin hy was. Hy roep na die Here, "my Sterkte, my rots, my God by wie ek skuil". "My skild, my sterk verlosser." Groter as sy angs is die innige persoonlike verhouding met sy God.

Sy Here het woedend geword (vs 8-9) oor wat sy kind aangedoen word. Met bonatuurlike optrede met kosmiese gevolge, beskryf hy sy Here se redding (vs 9-16). Asof hy 'n baba is, het die Here hom doodeenvoudig met een hand opgetel tussen die vyande uit. Met groot sekerheid gee Dawid 'n juridiese element aan die redding: Die Here het aan my reg laat geskied. Sy vyande se optrede word veroordeel, hy gryp vas aan sy eie reg by God. Hy het God se wil gehoorsaam, hom deur sy wet laat lei, was opreg voor Hom. God het gesien dat hy onskuldig is (vs 25).

Die redding was nie uit verdienste nie: uit liefde het God hom kom red (vs 20). Uit liefde vir God het hy regverdig voor God geleef in hierdie innige persoonlike band. Sy belydenis: Alles wat God doen is volmaak, wat Hy sê, sy Woord, is gelouter, geen onsuiwerheid sal jy daarin kry nie. Vertroue, agting, liefde van Dawid teenoor sy Here, sy Rots, sy skild. Hulle loop die pad saam.

Hy het vir Dawid en ons almal 'n toekoms gegee (vs. 51): Vir altyd regeer God se gesalfde. Uit Dawid se nageslag kom ons Here Jesus Christus. Hy het om hierdie persoonlike verhouding wat Hy met sy broers en susters het, Homself kom gee. Die aarde het ook geskud en duisternis het toegeslaan toe Hy dit gedoen het. En ons is gered. Elkeen wat in hierdie innige verhouding met Hom leef, die pad saam stap, ook kruis dra, weet een ding: Hy, en Hy alleen, is "my God, my rots, by wie ek skuil, my skild en sterk verlosser, my veilige vesting".

Met my God spring ek oor 'n muur, want wat Hy doen is volmaak, wat Hy sê is gelouter.

*Sing: Psalm 18, 31, 116*

*Ds. J (Jan) Malan (Emeritus)*